

Ontmoeting 16

Gebed soos Jesus sy dissipels geleer het

Lukas 11 en Matteus 6

Hulpmiddels:

- * 3 boeke: 'n groot, dik boek; 'n skoolhandboek en 'n klein dun boekie
- * Vergroting van "Onse Vader" (sien onder "Woord" en "Werskaf")
- * Praatborrel kopieë
- * Papier en kryt

Ons wil by Jesus leer bid.



WELKOM

Speel: "Simon sê". Die leier gee opdragte, maar die kinders mag dit net uitvoer as hy sê: "Simon sê". Opdragte wat nie deur Simon gesê word nie, word geïgnoreer. Kies eie opdragte soos: "Simon sê: Vat aan jou oor." Saartjie sê: "Vat aan jou knie." (*Dit sluit aan by die gedagte dat wat Jesus sê vir ons belangrik is.*)

Liedere:

- ♦ "Van kop tot toon" (Kinderlof 2 nr 26)
- ♦ "Ek's so bly ek behoort aan Jesus" (Kinderlof 2 nr 11)



WYDING

Temalied: "Ek wandel in die lig van God"

Stilword-ritueel:

Gaan lê op jou rug sonder dat jy aan enigiemand raak. Maak jou oë toe en luister na die geluide rondom jou. Konsentreer net op een van die geluide. As jy mooi luister, sal jy ook agtergrond geluide hoor. Dit is geluide wat verder weg en 'n bietjie sagter is. Jy hoor dit gewoonlik nie dadelik nie. Kyk of jy een agtergrondgeluid ook kan hoor.

Bly net so lê en hou julle oë toe.

"Verbeel jou jy is een van Jesus se dissipels (stilte) ... Julle is saam met Jesus in die veld ... Skielik besef jy "Jesus is nie meer by ons nie" ... Jy kyk rond ... en dan sien jy Hom eenkant sit ... Jy sien Hy bid ... en jy dink by jouself: "Ek wens ek kan soos Hy bid" ... Jy wag vir Hom om terug

te kom ... Hier kom Hy nou terug ... Hy gaan weer by jou kom sit ... Nou kan jy vir Hom vra:



WOORD

Hoeveel moet mens weet om te kan bid? Hoeveel moes die dissipels by Jesus leer om te soos Hy te kon bid? Kom ons kyk wat julle dink.

Haal 'n dik boek, 'n skoolhandboek en 'n dunnerige boekie uit.

Hou die dik boek op en vra dat almal wat dink mens moet omtrent soveel leer oor gebed om regtig te kan bid, moet hande opsteek.

Lig nou die skoolhandboek op en laat hulle weer hande opsteek en doen dit ook met die dun boek. Wat was die groep se keuse?

Kom ek wys vir julle wat het Jesus vir sy dissipels geleer. *Wys vir hulle Matteus 6: 5-15 in die Bybel.* Hierdie is Jesus se woorde. Dit was Sy antwoord toe Sy dissipels Hom gevra het om hulle te leer bid. Ons wil soos die dissipels vra: "Here leer ons bid." Kom ons lees wat het Jesus hulle geleer.

Matteus 6: 9-13 "En Hy sê vir hulle: "Wanneer julle bid, sê dan: Ons Vader, wat in die hemel is, laat U Naam geheilig word; laat U koninkryk kom; laat U wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredings soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree; laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die Bose."

Julle het dit mos al gehoor. Julle ken die gebed. Nou weet julle dat dit Jesus se eie woorde is.

Ek dink ons moet dit nou ons eie maak. Ons gebruik mooi bewegings saam met die gebed.


Die kinders dink na oor die verhaal:

- ♦ Ek wonder van watter deel van die verhaal het jy die meeste gehou.

- ◇ Ek wonder watter deel van dit wat ons geleer het, is vir jou die belangrikste.
- ◇ Ek wonder wat jy nou graag vir Jesus sou wou sê.

WERSKAF

- ⇒ Maak 2 uitdeelstukke, een met die woorde van die “Onse Vader” en een met die prente van die bewegings wat pas by die gebed. Die kinders kan kies of hulle die prente by die woorde wil teken of die woorde wil inskryf by die prente.
- ⇒ Verf, kryte en papier om op te verf of teken.
- ⇒ Prent van ’n mannetjie met ’n praatborrel waar-in hulle ’n gebed kan skryf.



*Ons Vader wat
in die hemel is,
laat u Naam
geheilig word;*



*laat u koninkryk
kom;*



*laat u wil ook op
die aarde geskied,*



*net soos in
die hemel.*



*Gee ons
vandag ons
daaglikse
brood;*



*en vergeef ons ons
oortredings soos ons
ook dié vergewe wat
teen ons oortree;*



*en laat ons nie in
versoeking kom nie
maar verlos ons
van die Bose.*



*Aan U behoort die
koninkryk, die krag
en die heerlikheid*



*tot in ewigheid.
Amen.*